

Jode ongewens verklaar in die Persiese Ryk

Koninklike proklamasie met verbasing en skok ontvang

SUSAN. - Koning Ahasveros het vanoggend 'n proklamasie onderteken waarvolgens die Joodse volk as 'n ongewenste nasie in die Persiese Ryk verklaar is. Volgens die proklamasie moet al die Jode op die 13de Adar vanjaar, dit wil sê vandag oor elf maande, voor die voet uitgewis word.

Die proklamasie, wat vandag met boodskappers aan al die provinsies in die ryk gestuur sal word, lui dat al die Jode voor die voet uitgeroei moet word, klein en groot, man, kind en vrou. Opdrag is ook gegee dat hulle besittings gekonfiskeer moet word.

Die meesterbrein agter dié volksmoord-idee is na bewering Haman seun van Hammedata, wat enkele maande gelede deur die koning tot die amp van eerste minister van die ryk bevorder is. Hy het volgens ingeligte bronne gister in 'n voorlegging die koning oortuig dat die Jode 'n bedreiging is vir die harmoniese saambestaan van die nasies in die ryk. Sy argumente berus glo op die feit dat die Jode nie met die ander nasies ondertrou nie, en ook hulle eie gebruike en godsdiens handhaaf.

Hoewel Haman nie vir kommentaar beskikbaar was nie, het 'n bron na aan die eerste minister gesê die plan het ontstaan toe 'n gesiene Jood in die stad geweier het om die nodige eer aan Haman te bewys. Dit het Haman se aandag op die Joodse gemeenskap in die Persiese Ryk gevestig. Sy ondersoek na dié volk se houding en gebruike het hom laat besluit dat dit in belang van die ryk as geheel is as hulle permanent uit die samelewing verwyder word.

Intussen het die Joodse gemeenskap met skok en verbystering van die proklamasie verneem. Die man wat na bewering die eerste minister aanstoot gegee het en sodoende die oorsaak van die hele ramp is, Mordegai, het 'n tyd van rou en vas vir sy volksgenote afgekondig.

- Lees van hierdie grusame plan in [Est. 3](#).

JOSUA WYS ASIELSTEDE AAN

SILO. - Die Israelitiese leier Josua seun van Nun het vandag, na samesprekings met die familiehoofde van al die Israelitiese stamme, bekend gemaak dat hulle 'n sestal asielstede geïdentifiseer het.

Dié stede sal dien as veilige skuilplek vir iemand wat onopsetlik die dood van 'n ander veroorsaak het. Solank hy in die asielstad skuil, sal hy veilig wees teen die familie van die oorledene wat hom uit bloedwraak wil dood. Josua het dit egter beklemtoon dat die stede slegs asiel sal bied aan persone wat onopsetlik 'n ander se dood veroorsaak het. "Die asielstede mag nooit 'n versamelplek vir moordenaars en gewelddoeners word nie," het hy gesê. Dit sal by die stadsvaders berus om te bepaal of die persoon wat om asiel aansoek doen, daarvoor kwalifiseer.

Die ses stede waarop ooreengekom is, is in die Wes-Jordaangebied: Kedes in Galilea op die Naftaliberge, Sigem in die Efraimsberge, en Kirjat-Arba in die Judaberge. In die Oos-Jordaangebied is dit die stede Beser in die woestyn, Ramot in Gilead, en Golan in Basan.

Kenners van die familiereg het hulle tevredenheid uitgespreek met die instelling van asielstede. "As die gebruik van bloedwraak toegelaat word om onbeperk voort te gaan, het dit die potensiaal om in 'n volskaalse oorlog te ontwikkel. Die asielstede behoort só 'n onverkwiklike eskalering van geweld doeltreffend te stuit," het een van die familiehoofde gesê.

- Lees hiervan in [Jos. 20](#). Kyk ook na [Num. 35:9-34](#).

PERSOONLIKE KENNISGEWING

Hiermee maak Lameg seun van Metusael bekend dat hy geen genade sal betoon aan enigeen wat hom leed aandoen nie. Enige skade, hoe gering ook al, sal met

maksimum geweld gewreek word.

- Lees dit in [Gen. 4:17-24](#).

Die Bybelkoerant

Liefde, versoening en vergifnis

Van die begin af het die mens 'n drang gehad om hom te wreek. Om dié sinnelose voortwoekering van wraak en weerwraak te stuit, skep Josua asielstede wat moet toesien dat die onskuldige beskerm word sonder om geweldsmisdade te kondoneer.

Daar is egter ook 'n ander alternatief: liefde, versoening en vergifnis. Lameg en Haman het hiervan niks verstaan nie, en vandag nog loop mense rond met wrokke in hulle harte, sien hulle uit na die dag dat hulle die ander gaan terugkry. So 'n houding openbaar ongelukkig niks van die beeld van ons Here Jesus nie. Van Hom skryf Petrus (1 Pet. 2:23): “Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.”

Ook hiérin moet ons navolgers van Christus word. Bid vandag vir dié genade!